

# Waardes en die noodsaak van 'n karakteropvoedingsprogram binne kollegeverband in die Noordwesprovinsie: verkenning en voorlopige voorstelle

F.E. Freeks  
Fakulteit Gesondheidswetenskappe  
Potchefstroomkampus  
Noordwes-Universiteit  
POTCHEFSTROOM  
E-pos: fazel.freeks@nwu.ac.za

G.A. Lotter  
Fakulteit Teologie  
Potchefstroomkampus  
Noordwes-Universiteit  
POTCHEFSTROOM  
E-pos: george.lotter@nwu.ac.za

## Abstract

**Values and the need for a character education programme within the college context in the North-West Province: exploration and preliminary proposals**

*Values and character education possess the inherent building blocks for the preservation of a healthy society. Values and character education have the potential to address moral issues in society and especially in educational institutions, such as schools, colleges and universities. One of the primary aims of values and character education is to allow students to experience life to the fullest. Values and character education could probably ensure a better life and future for South Africa's youth.*

*From the available literature, it is evident that society is experiencing a crisis regarding values, character and morality. The decline of human and societal values portrayed in the media has compelled the current government to initiate values education programmes in colleges and other institutions such as universities.*

*In order to determine the values orientation among students of Further Education and Training Colleges (FET) in the North-West Province, an empirical study was done to ascertain students' opinions and the contributions of values education and character education. Semi-structured interviews were also conducted with the student council, the head of support services, as well as an official of student support services.*

### **Opsomming**

#### **Waardes en die noodsaak van 'n karakteropvoedingsprogram in kollegeverband in die Noordwesprovinsie: verkenning en voorlopige voorstelle**

*Waarde- en karakteropvoeding bevat boustene om 'n gesonde samelewing in stand te hou. Waarde- en karakteropvoeding het die potensiaal om morele kwessies in die samelewing te hanteer, veral by opvoedingsinstansies soos skole, kolleges en universiteite. Een van die belangrikste doeleindes van waarde- en karakteropvoeding is om studente in staat te stel om die lewe in sy volheid mee te maak. Waarde- en karakteropvoeding sou moontlik kon help om aan die jeug van Suid-Afrika 'n beter lewe en toekoms te bied.*

*Uit die beskikbare literatuur is dit duidelik dat die samelewing 'n krisis ten opsigte van waardes, karakter en moraliteit ervaar. Die vervlakking van menslike en samelewingswaardes – soos weerspieël in die media – het die huidige regering genoodsaak om 'n waarde-opvoedingsprogram in kolleges en ander instansies soos universiteite te begin.*

*Om die waarde-oriëntering van studente in Verdere Onderwys en Opleidingskolleges (VOO) van die Noordwesprovinsie te bepaal, is 'n empiriese ondersoek gedoen om die opinies oor en bydraes van waarde-opvoeding en karakteropvoeding vas te stel. Verder is semi-gestruktureerde onderhoude gevoer met die studenteraad, die hoof van studente-ondersteuningsdienste, asook 'n beampte van die studente-ondersteuningsdienste.*

## **1. Inleiding**

Die probleemstelling wat in hierdie artikel ondersoek word, behels die aspek van waardes en die noodsaak van 'n karakteropvoedingsprogram binne kollegeverband in die Noordwesprovinsie. 'n Empiriese ondersoek (as deel van 'n doktorsale proefskrif) asook 'n verdere literatuurstudie het gelei tot die bevinding dat daar binne kollegeverband 'n behoefte aan die daarstelling van 'n karakteropvoedingsprogram bestaan. In die navorsing het dit na vore gekom dat geestelike of religieuse waardes 'n relatief lae rangorde beklee. Die ou-

teurs het dit betreuenswaardig gevind, aangesien hierdie waardes al die ander waardes “inkleur” en bepaal.

Die artikel begin met ’n uiteensetting van waardes en lig die huidige verval daarvan uit. Die verskille en ooreenkomste tussen waarde-opvoeding en karakteropvoeding word ook ondersoek. Hierna volg die resultate van die empiriese ondersoek wat ingelei word deur die metodologiese verantwoording. Dit sluit komponente van ontwerp, studiepopulasie, meetinstrumente en etiese aspekte in. Hiermee saam word die bevindings en resultate uit die vraelyste en onderhoude uiteengesit. Daarop volg ’n bespreking van die lewenswaardes en gedragsprobleme, en die artikel word afgesluit met gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die navorsing voortspruit.

## 2. Agtergrond

Die samelewing ervaar tans ’n krisis ten opsigte van die waardes en moraliteit van mense – insluitend hoe dit dikwels in geweld, armoede en gebroke gesinne uitloop (Dames, 2009:42; Algera & Sink, 2002:161-162; Carr, 2000:1-10). Die mense in Suid-Afrika wat hulleself binne ’n breë Christelike oortuiging tuisvoel, moet deurgaans met ander mense rekening hou en in ’n *gedeelde waardestelsel* saamleef (Swanepoel, 2010:1-2). Sommige skrywers beweer dat ons ’n era van “morele ang” betree het (Killingray, 2007:7).

Die vraag na morele en waarde-opvoeding is lankal op die agenda van opvoedkundige navorsing. Daar is tans ook toenemende belangstelling van die publiek en politici ten opsigte van waarde-opvoeding, karakteropvoeding en opvoeding ten opsigte van moraliteit (Lovat, 2010:2-14; vgl. ook Lickona *et al.*, 2003:1). Regoor die wêreld gedebatteer akademië die afgelope tyd oor die onderwerp van waarde- en karakteropvoeding – insluitend die aspek van godsdiens (De Waal *et al.*, 2010:46-50; vgl. ook Rens *et al.*, 2005:189-192; Carr, 2000:1; Lickona, 1996:95-100). Lande soos die Verenigde Koninkryk, die VSA, Nieu-Seeland, Nederland en Australië hou lankal reeds konferensies hieroor en bied tans waarde-opvoeding in die vorm van karakterbouprogramme aan (Solomons & Fataar, 2011: 225-227; Carr, 2000:2; Heenan, 2004:2; Starr, 1999:2).

Dit blyk dat die jeug nie sonder meer oor die vermoë beskik om goeie waarde-oordele te maak nie en dat hulle daarom onderrig en begeleiding wat hiermee behulpsaam kan wees, behoort te ontvang (Hansen *et al.*, 2009:600-602; Character Education Partnership, 2004b:1-2). Die vernaamste probleme waarmee jongmense in Suid-Afrika en reg oor die wêreld te doen kry, hou verband met geweld,

*gang rape*, *rave-partytjies* (waar veral dwelms en vrye seks aan die orde van die dag is), sosiale probleme en 'n gebrek aan respek vir mekaar en die wêreld om hulle (Lovat & Clement, 2008a:2; 2008b: 273-274; vgl. ook Engelbrecht, 2001:32-34). Dit is veral om hierdie rede dat ouers, opvoeders en besorgde burgers in baie lande behoort kragte saam te snoer om die verval in waardes te probeer bestuur (Schoeman, 2009:67-68; Rens *et al.*, 2005; Character Education Partnership, 2004a:1; DvO, 2001).

In hierdie konteks het Freeks (2007) se studie (wat later in die artikel meer omvattend bespreek word) aangetoon dat veral Christelike waardes belangrik en relevant is.

### **3. Verlies van goeie Christelike waardes**

Reeds in 1999 toon Van der Walt (1999:296) aan dat Christelike waardes sy plek in die samelewing verloor het, ten spyte daarvan dat hierdie waardes belangrik is. Toe reeds het vele Christene begin twyfel oor die waardes waarvolgens die breë Suid-Afrikaanse samelewing lewe, asook die persoonlike keuses wat hulle in hierdie opsig moet maak. Dit is noodsaaklik om hierdie onsekerheid oor norme en waardes in 'n ernstige lig te beskou, want norme en waardes vervul vier belangrike funksies in die lewe van elke mens. Volgens Van der Walt dui waardes rigting aan; dit het sekere grense; dit dui aan wat mense behoort te doen soos om tussen goed en sleg, waar en vals, reg en verkeerd, ensovoorts te onderskei; en waardes leer 'n mens wat ware wysheid is. Waardes gee met ander woorde aan die mens insig oor wat reg is en motiveer die mens om ook in gehoorsaamheid daarvolgens te lewe. Hierdie basiese vertrekpunt van Van der Walt kan as riglyn dien vir die ontwikkeling van insig in die noodsaaklikheid van waardes. 'n Reformatoriese wêreldbeskouing maak aan die een kant 'n duidelike onderskeid tussen God en sy skepping, en is daarvolgens gekant teen die verabsolutering of verafgoeding van enige aspek van die skepping. God is die enigste God wat die absolute toewyding van mense verdien. Aan die ander kant streef 'n reformatoriese wêreldbeskouing daarna om 'n drievoudige belydenis te handhaaf en dienooreenkomstig in elke area van die lewe te leef. Die belydenis is dat hierdie wêreld God se wêreld is; dat Christene in hierdie wêreld tuis is; en dat Christene 'n heilige roeping het om die sondige wêreld te verander in 'n beter plek in die krag van die Gees (Van der Walt, B.J., 2010:5).

Volgens Van der Walt (1999:296) is norme en waardes deel van 'n mens se mondering en bestaan en hiervolgens kies, keur en veroordeel 'n mens. Van der Walt stel dat dit 'n spontane, byna outo-

matiese proses is. Dit wil sê, die mens weet intuïtief iets is sedelik of onsedelik, goed of sleg, regverdig of onregverdig, waar of vals, mooi of lelik, nuttig of nadelig, reg of verkeerd, vroom of goddeloos – sonder veel nadenke. Vir Van der Walt is waardes soos die spelreëls van 'n wedstryd. Dit is in baie gevalle nie sigbaar nie, maar tog bepaal dit die hele wedstryd. Dit kan ook beskou word as die fundamente van 'n huis wat onsigbaar, maar tog onontbeerlik is.

#### **4. Gesinswaardes**

Waardes is egter nie 'n individuele saak nie, maar raak ook die gesin. Schaps (2005:1) voer aan dat die gesin 'n baie groter rol in karakteropvoeding moet speel en meen dat hoe hegte die gesinslewe is waarin kinders grootword (hetsy leerders by skole of studente by kolleges), hoe minder sal hulle by geweld en gevaarlike gedrag soos om ander te boelie, betrokke wees (vgl. ook Thornberg, 2008: 55). Volgens Homan (2002:2; vgl. ook Van der Walt, H., 2010:233-234) is daar daagliks 'n toename in gewelddadige gedrag by studente. In 'n berig in *Perspektief* is pertinent gevra: “Waar is al die ouers heen?” Pretorius (2006:3) stel in die berig dat dit die ouers se rol as primêre opvoeders is om hulle kinders te help om selfrespek te ontwikkel. Indien 'n kind selfrespek het, sal hy/sy dit by sy kollege uitdra en respek hê vir ander se tyd, eiendom, verhoudings, werk, diere, vriende en familie. Indien 'n kind selfrespek het, sal hy/sy nie die kollege se tyd “steel” deur die klas te ontwrig, met sy/haar medestudente te baklei, aaklige woorde te gebruik en ander onweloweglike dinge te doen nie.

#### **5. Waardes by Verdere Onderwys en Opleidingskolleges (VVO)**

Een van die outeurs was vir sewe jaar 'n dosent by 'n Verdere Onderwys en Opleidingskollege. Gedurende daardie tyd het gedragsprobleme soos dwelmmisbruik, diefstal, vandalisme, aggressie, losbandigheid en eksamenbedrog op 'n toenemende basis by die studente voorgekom. Die behoefte aan die ontwikkeling van 'n karakteropvoedingsprogram vir 'n tersiêre instansie (soos die bepaalde Verdere Onderwys en Opleidingskollege) het baie sterk as 'n moontlike oplossing na vore gekom en was die aanvanklike sneller vir hierdie navorsing oor waarde- en karakteropvoeding.

Soos deur Carl en De Klerk (2001:21) aangetoon, is waarde- en karakteropvoeding van kardinale belang by skole sowel as kolleges. Hierdie behoefte kan uiteraard uitgebrei word na alle tersiêre inrigtings. Die gebrek aan waarde- en karakteropvoeding, hetsy by

skole of kolleges, dui moontlik op 'n tekort aan hulpbronne en die gebrek aan tyd om sulke programme te implementeer (vgl. Starr, 1999:1).

Volgens Rens *et al.* (2005:189-205) sluit opvoeding altyd waarde-opvoeding in en is opvoeding daarsonder nie moontlik nie. Dosent kan 'n bydrae lewer om die situasie te verbeter, maar moet 'n mandaat ontvang om deel te neem aan 'n implementeringsprogram (vgl. Gardner *et al.*, 2000:6-8). In die lig van die mede-outeur se betrokkenheid by sodanige kollege, is geoordeel dat dit die beste plek sou wees om 'n doelbewuste program vir waarde- en karakteropvoeding te implementeer.

## **6. Oplossings met betrekking tot die verval van waardes**

Navorsers wêreldwyd het hulleself begin toespits op moontlike oplossings vir die verval in waardes. Daar is navorsers wat glo dat waarde-opvoeding en karakteropvoedingsprogramme weer beklemtoon moet word (Regan & Page, 2008:37-40; Freeks, 2007:41-55; Character Education Partnership, 2004a:1). Talle lande soos Nederland, België, Nieu-Seeland, Australië en die VSA beveel sterk aan dat waarde-opvoeding weer in kolleges geïmplementeer moet word (De Waal *et al.*, 2010:46-70; Character Education Partnership, 2004a:1-2). Volgens Heenan (2003:27) is waarde- en karakteropvoeding in Nieu-Seelandse kolleges weer ingevoer as gevolg van 'n geweldige groei in seksuele misdaad en kindermishandeling daar. Karakteropvoeding word as essensieel vir die voortbestaan van 'n ordelike samelewing beskou.

In Nieu-Seeland is 'n Foundation for Character Education gestig en hulle programme word tans baie suksesvol in 'n aantal skole en kolleges geïmplementeer (Heenan, 2003:26-27). In Tucson (Arizona) het 'n organisasie, Creative Spirit 'n "healthy play"-program geïmplementeer om karakteropvoeding aan te moedig. Hierdie program bied aan opvoeders en studente eenvoudige speel- en prettegnieke, waardeur studente leer om aggressiewe gedrag te beheer, selfagting op te bou en konfliktsituasies vreedsaam op te los. Die Creative Spirit-organisasie is verder van mening dat *learning to play* en *playing to learn* effektiewe strategieë bied waardeur studente se gedrag positief ontwikkel word en geweld onder studente verminder kan word (Character Education Partnership, 2005:1). Brahma Kumaris is 'n organisasie wat wêreldwyd opleidingsprogramme begin aanbied om dosente te help met die waarde-opvoeding van studente. Hierdie programme stel leerders in staat om onder leiding van 'n opgeleide persoon/dosent twaalf universele waardes te ondersoek en te ont-

wikkel (Living Values, 2005:2). Hierdie Living Values-program word tans in 67 lande geïmplementeer (Living Values, 2005:1-2). In die VSA het Lickona *et al.* (2003:1) elf basiese beginsels van karakteropvoeding voorgestel. Baie karakterbouprogramme in die VSA word tans op hierdie beginsels gegrond. Talle sodanige karakterbouprogramme is reeds by kolleges in die VSA geïmplementeer en positiewe resultate word daarmee bereik (Character Education Partnership, 2004a:1-8; vgl. ook Lickona & Davidson, 2005).

As samelewings in verskillende lande soveel probleme ervaar as gevolg van 'n verval in waardes, sal 'n mens sekerlik kan vra wat die situasie in Suid-Afrika is.

In Suid-Afrika is die koerante daaglik vol berigte oor bedrog, geweld, moord, diefstal, egskeidings, dwelmsmokkelary, ensovoorts (Mestry, 2008:144-145; De Klerk, 2005:170-171; De Klerk & Rens, 2003:354-355; Jansen, 2001:4). Kolleges het groot probleme met die gedrag van studente en die waardes wat hulle voorstaan (Chalens, 2008:131-133; vgl. ook Freeks, 2007:201-203). Dit is kommerwekkend om te sien hoe aspekte soos rook, drankmisbruik, dwelmgebruik, seksuele aktiwiteite, afknouery (*bullying*), vandalisme, pornografie, diefstal, geweld en 'n groeiende etiese ongeletterdheid by studente voorkom (Prinsloo, 2005:5-10; De Klerk, 2005:170). Die geweldige groepsdruk by kolleges het 'n nadelige invloed op studente, omdat baie studente in opstand kom teen die ouers, kollege, kerk en ander samelewingsinstellings se waardes en norme om by die groep se waardes en norme in te pas (vgl. ook Abdool, 2005:50).

Geweld is 'n gruwel wat onder jongmense voorkom en onaanvaarbaar is in die samelewing. Volgens die outeurs behoort geweld tot die minimum beperk te word. In 'n berig in die *Beeld* verwys Raubenheimer (2006:6) na prof. Johan Prinsloo van UNISA wat aangetoon het dat 40% van die leerders op skool geboelie word en dat boelie tot ernstige misdade kan lei. Hy sê dat die helfte van die leerders tussen een keer per dag en een keer per week die slagoffers van geweld by skole word. Hy het ook aangetoon dat 50% van al sodanige optrede by skole plaasvind. 'n Verdere studie het ook aangetoon dat leerders die kleedkamers vrees, omdat hulle daar maklik deur ander leerders geboelie word. Die boelies wil wys hoe sterk hulle is, en neem ook ander se besittings en geld af. Tydens hierdie afknouery word vir meer as 60% van die kinders lelike name by die skool gegee. Die nadelige uitwerking van afknouery kan daartoe lei dat die slagoffer self 'n boelie word. Dit kan verder tot ernstige afwykende gedrag ontwikkel (Raubenheimer, 2006:6). Ook die toetrede van *cyberbullying* (kuberafknouery) kom toenemend onder

leerders voor. Volgens Oosterwyk en Parker (2010:5-6) word *cyberbullying* beskryf as

*... the usage of any technological device that could be used to harm others. Cyberbullying includes computer-mediated communication used to send or make threats, embarrass, intimidate, or any other form of harm to the victim for that matter. ... Most school learners today have access to mobile phones and the internet, which makes cyberbullying even more profound.*

Die verval in waardes het soveel implikasies vir Suid-Afrika dat Lewis en Hardin (2002:96-99) ernstig daarvan oortuig is dat waarde-opvoeding op kollegevlak geïmplementeer behoort te word. Suid-Afrika se situasie word onder andere bemoeilik deur die verskeidenheid bevolkingsgroepe, waar kultuurverskille 'n belangrike rol speel in die waardestelsels wat by mense gevestig word. Selfs in 'n na-apartheidsera waar nasiebou en demokrasie hoë doelstellings is, moet etiese en morele waardes gevestig word (Gardner *et al.*, 2000:249-255). Die huidige regering het alreeds in 1999 met 'n waarde-opvoedingsprogram in skole begin (Mangcu, 1999:27; Dhali, 2008:34-35), maar die waardes waarop gefokus word, is hoofsaaklik gemik op nasiebou, demokrasie en menseregte – met die doel om die ongelykhede en ongeregthede van die apartheidsbestel te voorkom (vgl. ook Van der Walt, H., 2010:229-242; Carl & De Klerk, 2001:21). Geesteswetenskaplikes is dit eens dat die vestiging van bogenoemde waardes in Suid-Afrika as 'n jong demokrasie belangrik en dringend is. Waardes wat morele gedrag bevorder, waardes oor werksetiek, en waardes wat daarop gemik is om mense se volle potensiaal te ontwikkel, moet egter ook dringend aandag kry (Ferreira & Wilkinson, 2009:107-126; vgl. ook Carl & De Klerk, 2001:21; Strauss, 2002:4).

Dit is duidelik dat daar ernstige tekortkomings met betrekking tot waarde- en karakteropvoeding bestaan. Dit is dus belangrik om eers die verskille en die ooreenkomste tussen waarde-opvoeding en karakteropvoeding aan te toon.

## **6.1 Karakter, karakteropvoeding en 'n karakteropvoedingsprogram**

*Karakter* is die kenmerke of eienskappe van soorte geslagte of wesen; identiteitseienskappe van 'n persoon of wese; die aard of geaardheid van 'n persoon (Labuschagne & Eksteen, 1993). Volgens Van Roux (aangehaal deur Abdool, 2005:53) word karakter ook gesien as 'n handeling, houding en geaardheid van bepaalde



waardes waar persoonlikheid 'n belangrike rol speel. Karakter is verder die fondament waarop goeie waardes gebou word. Tussen karakter en persoonlikheid is daar 'n wisselwerking wat veral gerig word op die sosiale situasies van die lewe. Karakter is dus 'n eienskap van die hele persoonlikheid van die mens en bepaal die aard van 'n persoon se verhouding tot ander.

*Karakteropvoeding* is die aanbieding van etiese- en verantwoordelikeheidsaspekte by jongmense om 'n goeie karakter te demonstreer en dit voorsien langtermynoplossings vir etiese en akademiese probleme (Heenan, 2004:1). Karakteropvoeding is een van die boustene wat kennis, vaardighede en die vermoëns van die student ontwikkel. Hierdeur word die student in staat gestel om verantwoordelike besluite te neem en dit lê veral die fondament waarop respek vir menswaardigheid erken word. Dit bemoedig ook studente om uitstekend te vaar met hulle studies (Gholar, 2004:1).

'n *Karakteropvoedingsprogram* kan beskou word as 'n program waarin bepaalde waardes by studente bevorder word. Hiervan is karakter die fondament waarop goeie waardes gebou word (vgl. Lickona & Davidson, 2005). Die klem word gewoonlik op sekere universele morele waardes gelê soos eerlikheid en opregtheid, vriendelikheid, omgee vir en versorging van ander mense, toegewydheid, gehoorsaamheid, verantwoordelikheid, respek/eerbied en plig of pligsbesef (Heenan, 2003:27).

## 6.2 Waarde-opvoedingsprogram

'n *Waarde-opvoedingsprogram* is 'n program waarin studente op verskillende maniere geleer word om 'n bepaalde oriëntering ten opsigte van die totaliteit van lewenswaardes in te neem en te vestig. Aangesien daar egter altyd die vraag bestaan oor *wie* se waardes aan die studente onderrig moet word, het die meeste lande besluit om eerder karakterbouprogramme te implementeer wat sogenaamde *universele waardes* voorstaan (De Waal *et al.*, 2010:46-70; vgl. ook Gholar, 2004:1-4; Starr, 1999:1-4; Character Education Partnership, 2004a:1-8).

Die mens as waardewese word volgens Rens *et al.* (2005:194-196) en Carl en De Klerk (2001:22) met die potensiaal tot 'n waardebewussyn gebore, maar nie met *spesifieke* waardes nie. Hierdie waardes is verbale of nie-verbale belewings, opvattinge of idees van die mens, en bevat selfs 'n gevoelskomponent. Waardes dien verder as rigsgoere vir gedrag en as kriteria vir die evaluering van mense, objekte en gebeure. Waardes gee sin, rigting en betekenis aan 'n

mens se bestaan en word ook deur kultuur bepaal. Daar is ook ander aspekte waarin waardes opgesluit lê in die mens se houdings en oortuigings. In 'n neutredop kan dit soos volg saamgevat word: *Values are something real in regard to a particular person within a society under certain circumstances* (Carl & De Klerk, 2001:22).

Die behoefte aan die ontwikkeling van 'n karakteropvoedingsprogram by VOO-kolleges het vir die mede-outeur 'n moontlike oplossing vir die waarde-verval in die samelewing geword wat tot 'n empiriese ondersoek gelei het (vgl. Freeks, 2007:203-204).

In die lig van bogenoemde bespreking is die primêre navorsingsvraag wat deur die empiriese navorsing hanteer word die volgende: Wat is die persepsies van kollegestudente oor lewenswaardes?

## **7. Die doel van die empiriese ondersoek**

Die algemene doel van die empiriese ondersoek was om op 'n wetenskaplike wyse ondersoek in te stel na die huidige stand van studente se waardes en om vas te stel of intervensie deur middel van 'n karakterbouprogram by VOO-kolleges nodig is, al dan nie. Die empiriese ondersoek het derhalwe die volgende oogmerke gehad:

- om die waarde-oriëntering van die studente vas te stel (hulle menings oor hulle eie waardes);
- om die aard van sommige gedragsprobleme van die studente by VOO-kolleges vas te stel deur middel van 'n vraelys; en
- om vas te stel of 'n karakteropvoedingsprogram by VOO-kolleges nodig is, al dan nie.

## **8. Metodologiese verantwoording van die empiriese ondersoek**

### **8.1 Ontwerp**


Die metodologiese verantwoording word deur Freeks (2007:7-8) bespreek en uiteengesit. Die navorsingsontwerp is gefundeer op kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings. De Vos *et al.* (2005:357) verwys na die gebruikmaking van kwalitatiewe asook kwantitatiewe benaderings vir effektiewe en doeltreffende navorsing. Die klem van hierdie kwalitatiewe en kwantitatiewe proses val juis op 'n verkennende studie (De Vos *et al.*, 2005). Die navorsing is dus 'n gekombineerde proses waar die vraelys hoofsaaklik as 'n soort bestuurs-

instrument gebruik word om die studente se oriëntering te bepaal. Vraelyste gee meestal kwantitatiewe inligting (getalle/syfers) waarvolgens statistiese afleidings gemaak kan word. Vraelyste kan ook “oop vrae” stel waar die respondente hulle menings, opinies, gevoelens, houdings, ensovoorts uitspreek. Onderhoude is by uitstek kwalitatief van aard en daarom is ook semi-gestruktureerde onderhoude met die studenteraad van die betrokke kolleges gevoer, asook met die hoof en beamptes van die studenteondersteuningsdienste. Die vrae het aspekte ingesluit soos die student se mening en persepsies oor waarde-opvoeding en hulle aanbevelings met betrekking tot waarde-opvoeding. Die vrae aan die hoof en die beamptes van die betrokke kollege van studenteondersteuningsdienste het aspekte soos hulle menings oor waardes by die kollege, ’n plan van aksie om die huidige situasie te verander en voorstelle tot waarde-opvoeding ingesluit.

## **8.2 Die studiepopulasie (deelnemers)**

Die data van die studiepopulasie is deur Freeks (2007:144-146) versamel. Die studiepopulasie het bestaan uit al die studente van die drie VOO-kolleges in die Noordwesprovinsie; hierdie drie kolleges het altesaam elf kampusse (vgl. Tabel 1). Daar moes egter van ’n beskikbaarheidsteekproef gebruik gemaak word waar sewe van die elf kampusse gekies is vir die ondersoek. Die rede hiervoor is prakties en finansieel van aard, maar ook omdat die navorser probleme ondervind het om al die kampusse te besoek. Die sewe kampusse het in totaal ongeveer 2 000 studente, volgens telefoniese vasstelling by die kampusbestuurders. Hiervan het 840 studente aan die ondersoek deelgeneem (baie studente was gedurende die ondersoek afwesig van die kampusse). Die bereikbare populasie op die dag waarop die ondersoek plaasgevind het, was dus aansienlik minder as die ongeveer 2 000 ingeskrewe studente by die betrokke kolleges.

**Tabel 1: Die drie Verdere Onderwys en Opleidingskolleges (VOO) in die Noordwesprovinsie met elke kollege se verteenwoordigende kampusse**



### 8.3 Meetinstrumente

Die empiriese navorsing is deur middel van vraelyste en semi-gestruktureerde onderhoude gedoen. Vraelyste is gebruik sodat die studente se menings en persepsies oor waardes en gedrag wat met waardes verband hou deur middel van spesifieke vroe vasgestel kan word. Die vraelys is opgestel om die nodige en bruikbare inligting van die studente te verkry. Volgens die outeurs is hierdie ondersoekmetode die ideale manier om die waarde-oriëntering van studente te meet, omdat dit eenvoudig, prakties, relevant en haalbaar is. Die vraelys wat in die ondersoek gebruik is, is deur Vreken en

Rens (2001) ontwerp en is gebruik om die waarde-oriëntering van studente van die Noordwes-Universiteit asook leerders van 'n bepaalde hoërskool in Potchefstroom te bepaal. Die vraelysmetode is gebruik om die aard van die gedragsprobleme wat by VOO-kolleges voorkom, vas te stel, asook die waarde-oriëntering van studente. Op grond daarvan moes 'n besluit geneem word ten opsigte van riglyne vir die ontwerp van 'n gepaste karakteropvoedingsprogram by VOO-kolleges. Die vraelys, as gestandaardiseerde meetinstrument, is deur vorige navorsers gebruik en is sodoende as geldig en betroubaar geag.

Die vraelys wat in hierdie studie gebruik is, bestaan uit drie afdelings (vgl. Freeks, 2007:142). Afdeling A handel oor die demografiese inligting, afdeling B oor die algemene lewenswaardes, en afdeling C handel oor spesifieke waardes en lewensgewoontes van die studente. Die biografiese inligting in afdeling A handel oor die vlak of jaargroepe, ouderdom, geslag en die verskillende moedertaalgroepe (vgl. Tabel 2 en 3). Die rede waarom dit ingesluit is, is om die studiepopulasie te beskryf en te bepaal of die studiepopulasie 'n goeie en getroue verteenwoordiging van al die studente van die kolleges is. As byvoorbeeld net een bepaalde jaargroep of taalgroep die vraelyste ingevul het, sou daar nie ten opsigte van die kolleges veralgemeen kon word nie. Derhalwe word daar ook 'n vergelyking tussen die moedertaalgroepe (studente) se menings oor hulle eie waardes gegee (vgl. Tabel 3), sowel as 'n bespreking daarvan.

**Tabel 2: Geslag**

Geslag*	N	%
Manlik	369	44,57
Vroulik	459	55,43
<b>Totaal</b>	<b>828</b>	<b>100,00</b>

\* 12 studente het nie hulle geslag aangedui nie.

Uit Tabel 2 blyk dat 90 ( $\pm 10\%$ ) meer vroulike studente aan die ondersoek deelgeneem het. Volgens die oordeel van die outeurs is dit 'n goeie verteenwoordiging van die twee geslagsgroepe.

**Tabel 3: Moedertaalgroep**

Taal*	N	%
1. Afrikaans	129	15,54
2. Engels	15	1,81
3. Setswana	450	54,22
4. Zulu	34	4,10
5. Sesotho	122	14,70
6. Ander	80	9,64
<b>Totaal</b>	<b>830</b>	<b>100,00</b>

\* 10 studente het nie hulle moedertaal aangedui nie.

Die moedertaalgroepe soos hierbo aangedui, verteenwoordig die diversiteit van die taalgroepe aan die Verdere Onderwys en Opleidingskolleges in die Noordwesprovinsie. Die ander moedertale was almal van die ander amptelike tale in Suid-Afrika. Wat die getalle betref, blyk dit dat die Engelsmoedertaalgroep kleiner is as die Afrikaansmoedertaalgroep terwyl die Tswanamoedertaalgroep die grootste was. Indien die sogenaamde Afrikatalegroepe bymekaargetel word, verteenwoordig hulle byna 83% van die studente. Dit is dus duidelik dat die drie Verdere Onderwys en Opleidingskolleges in die Noordwesprovinsie se kampusse grootliks uit studente van die Afrikatalegroep bestaan. Hierdie tendens kom min of meer op al die kampusse van die Verdere Onderwys en Opleidingskolleges in die Noordwesprovinsie voor.

**Tabel 4: Gemiddelde gewig toegeken aan waardes deur verskillende moedertaalgroepe**

Waarde	Afrikaans	Engels	Setswana	Zoeloe	Sesotho	Ander	P-waarde
1. Religieus	4,45	4,57	4,00	3,75	4,28	4,24	<0,0010
2. Verhouding	4,41	4,29	4,22	4,06	4,38	4,32	0,1861
3. Moreel	4,51	4,50	4,14	4,16	4,23	4,12	0,0380
4. Esteties	3,93	4,08	3,72	3,33	3,51	3,36	0,0130
5. Ekonomies	3,97	4,00	3,95	4,14	3,97	3,82	0,8444
6. Kultuur	3,67	4,00	3,89	3,68	3,88	3,84	0,4097
7. Politiek	2,96	3,38	3,25	3,27	3,07	3,31	0,2567

Waarde	Afrikaans	Engels	Setswana	Zoeloe	Sesotho	Ander	P-waarde
8. Reg	4,09	4,29	3,92	3,55	4,04	3,94	0,1174
9. Nasionaal	3,29	3,79	4,03	3,89	4,19	3,99	<0,0010
10. Intellek	4,16	4,36	4,15	4,00	4,17	4,25	0,8454
11. Liggaam	4,18	4,38	4,11	4,00	4,10	4,13	0,8949
12. Self	4,68	4,77	4,45	4,58	4,55	4,49	0,1508
13. Gemoed	4,27	4,21	4,07	4,06	4,00	4,15	0,4115
14. Beroep	4,61	4,69	4,34	4,16	4,43	4,32	0,0371
15. Ontspanning	4,22	3,77	3,73	3,30	3,51	3,45	<0,0010
16. Veiligheid	4,38	4,71	4,22	4,00	4,25	4,11	0,1494
17. Outoriteit	3,62	3,54	3,46	3,30	3,48	3,34	0,6266
18. Omgewing	4,42	3,57	3,91	3,52	3,89	3,71	0,0432
19. Lewe	4,68	4,00	4,38	4,20	4,23	4,26	0,3069
20. Tydruimte	4,10	4,23	3,98	3,88	4,04	3,92	0,6995

Daar is slegs betekenisvolle verskille by die religieuse, morele, estetiese, nasionale en ontspanningswaardes. Die res van die waardes toon geen betekenisvolle verskille nie. Vervolgens word die waardes met betekenisvolle verskille tussen die verskillende moedertaalgroepe kortliks bespreek.

- **Religieus**

By die religieuse waarde verskil die Afrikaans-, Engels-, Setswana- en Zoeloe-moedertaalgroepe. Die Afrikaanse en Engelse moedertaalgroep het substansieel meer waarde aan religie gegee as die Setswana- en Zoeloe-moedertaalgroepe.

- **Moreel**

Wat die morele waarde betref, is daar 'n verskil tussen die Afrikaanse, Setswana- en Ander taalgroepe. Die Afrikaanse moedertaalgroep het substansieel meer waarde aan morele waardes as die Setswana- en Ander moedertaalgroep.

- **Esteties**

Die Afrikaanse, Engelse, Sesotho- en Ander moedertaalgroepe verskil effens ten opsigte van die estetiese waardes. Die Engelse en Afrikaanse taalgroep het substansieel meer waarde aan die estetiese waarde as die Sesotho- en Ander taalgroepe.

- **Nasionaal**

By die nasionale waarde is daar ook 'n verskil tussen die Afrikaanse, Setswana-, Sesotho- en Ander moedertaalgroepe. Die Afrikaanse moedertaalgroep heg in die praktyk minder waarde aan die nasionale waardes as die Setswana-, Sesotho- en die Ander moedertaalgroepe. Die Afrikaanse moedertaalgroep is nie so ingenome met nasionale waardes nie en daarom heg hulle nie soveel waarde aan nasionale aspekte nie. Die Setswana-, Sesotho- en die Ander moedertaalgroepe heg meer waarde aan nasionale aspekte wat betref kulturele en tradisionele aspekte.

- **Ontspanningswaarde**

Wat die ontspanningswaarde betref, verskil die Afrikaanse, Engelse, Setswana-, Zoeloe-, Sesotho- en die Ander moedertaalgroep van mekaar. Die Afrikaanse moedertaalgroep heg in praktyk meer waarde hieraan as die Engelse, Setswana-, Zoeloe-, Sesotho- en Ander moedertaalgroepe.

#### **8.4 Etiese aspekte**

Die volgende etiese aspekte is onder andere in hierdie studie toegepas:

- ingeligte toestemming is deur middel van 'n getekende vorm verkry (*informed consent*)
- vrywillige deelname
- vertroulikheid
- anonimiteit

As deel van die empiriese navorsing het beskouings oor waardes van *medestudente* interessante resultate opgelewer, maar aangesien dit nie in die fokus van hierdie artikel is nie, word daar nie hier verder daarop uitgebrei nie (vgl. egter Freeks, 2007:152-153).

#### **9. Lewenswaardes en gedragsprobleme**

'n Deel van die vraelys (vgl. Freeks, 2007:227-236) het doelbewus oor spesifieke waardes en lewensgewoontes van die studente gehandel, om bepaalde gedragsprobleme onder die vergrootglas te plaas. Die spesifieke waardes en lewensgewoontes wat hier ter sprake is, sluit aspekte in soos rook, drankgebruik, dwelmgebruik, seksuele aktiwiteite asook 'n fokus op verbandhoudende siektetoe-



stande soos MIV en VIGS. Die belangrikste bevindings wat uit hierdie afdeling van die ondersoek na vore gekom het, is die volgende:

- Rook is 'n gevestigde gewoonte by 'n groot groep studente (18%).
- Daar is 'n hoë voorkoms van drankgebruik en -misbruik en baie geld word hieraan spandeer (5% van die studiepulasie gebruik daaglik drank). Die totale bedrag wat die studiepulasie jaarliks aan drank spandeer, werk uit op meer as 'n gemiddelde R1 000 per student.
- Uit die ondersoek is dit duidelik dat dwelmgebruik by 37% van die studente voorkom.
- Wat seksuele aktiwiteite betref, neem min studente standpunt in teen voorhuwelikse seks. Die bevinding dat 56% van die studente sê dat elke mens maar self daarvoor moet besluit, dui op die gees van relativisme en individualisme (selfwaarde).
- By die onderafdeling MIV/VIGS het 40% van die 840 studente (30 studente het nie die vraag beantwoord nie) hulle al laat toets vir die MIV-virus. Die bevinding is dat 3% beweer hulle is MIV-positief.
- Geweld is 'n probleem by studente. Baie studente (35%) sien geweld as 'n aanvaarbare manier om van aggressie ontslae te raak en/of om konflik op te los.
- Daar is duidelike tekens dat dreiging/afknouery gereeld voorkom (40%).
- Vandalisme op die kollegegronde kom op 'n soms/gereelde basis (12%) by die studente voor en volgens hulle maak 61% van hulle medestudente hulle daaraan skuldig (soms/gereeld).
- Ten opsigte van pornografie dui 47% studente aan dat hulle self daarna kyk, en hulle vermoed dat 79% van hulle medestudente ook daarna kyk.
- Diefstal kom gereeld voor en 15% erken dat hulle hul daaraan skuldig maak.
- Onder die ondersoekgroep is 43% studente wat erken dat dit vir hulle moeilik is om negatiewe groepsdruk te weerstaan.

## **10. Gevolgtrekkings**

Uit die navorsing kan die volgende algemene gevolgtrekkings gemaak word:

- Karakteropvoeding sowel as waarde-opvoeding is belangrik en voordelig vir studente by VVO-kolleges.
- Karakteropvoeding kan 'n positiewe impak op studente se prestasie hê, aangesien karakteropvoeding ook die student se werkskarakter insluit.
- Die rol van die dosent is van kardinale belang wanneer waarde- en karakteropvoeding geïmplementeer word.
- Die ouers se rol en aandeel ten opsigte van waarde-opvoeding en karakteropvoeding is ook van belang vir die studente by VVO-kolleges.
- Die resultate van die studie het ook aangetoon dat selfs buite-instansies soos die gemeenskap, regering en ander instansies soos universiteite, daarvan bewus is dat waarde-opvoeding sowel as karakteropvoeding noodsaaklik is vir die jeug van vandag.
- Die studie het getoon dat daar 'n groot behoefte vir waarde- en karakteropvoedingsprogramme bestaan, nie net vir kolleges nie, maar vir 'n breë spektrum van die samelewing insluitend ander opvoedkundige inrigtings.

## **11. Aanbevelings**

Die volgende aanbevelings kan uit die navorsing gemaak word:

- Karakteropvoedingsprogramme moet vir alle Verdere Onderwys en Opleidingskolleges in Suid-Afrika ontwikkel word.
- Dosente moet opgelei en toegerus word om waarde- en karakteropvoeding op 'n geïntegreerde wyse by kolleges aan te bied.
- Morele waardes, soos gesien uit 'n algemene religieuse beskouing, moet 'n groot deel van karakter- en waarde-opvoeding by Verdere Onderwys en Opleidingskolleges uitmaak.
- Kolleges moet oorweeg om hulp aan studente te verleen ten opsigte van probleme wat met drank- en dwelmmisbruik, MIV en VIGS, geweld, afknouery (*bullying*), vandalisme en pornografie verbind word. Die kolleges behoort hier van spesiale programme

en professionele hulp (deskundiges) gebruik te maak om sodanige studente te help.

- Voorstelle en aanbevelings van werksinkels, aktiwiteite, programme en selfs *roadshows* wat waarde-opvoeding en karakteropvoeding insluit, kan geïmplementeer word sodat waardes en waarde-opvoeding hierdeur bevorder kan word.
- Buite-instansies en persone uit die gemeenskap, kerkleiers en professionele mense kan help om effektiewe karakter- en waardeopvoeding te laat plaasvind.
- Die resultate van die navorsing kan ook by ander opvoedkundige inrigtings toegepas word.

## 12. Slot

In hierdie artikel is die belangrikheid van waardes en die verval daarvan deur 'n literatuurstudie aangetoon. Die inligting is gebruik en toegepas in die empiriese navorsing wat onder die studente van Verdere Onderwys en Opleidingskolleges (VOO) in die Noordwesprovinsie onderneem is, deur middel van 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe ondersoek. As deel van die kwalitatiewe navorsing is onderhoude met belanghebbendes gevoer. Die kwantitatiewe navorsing deur middel van vraelyste wat spesifiek gehandel het oor spesifieke waardes en lewensgewoontes van die studente, het gedragsprobleme na vore gebring. Uit die bevindings van die ondersoek het dit duidelik na vore gekom dat VOO-kolleges 'n behoefte het aan 'n karakteropvoedingsprogram. Die navorsing het getoon dat studente dilemmas ondervind met betrekking tot waardes, norme, standarde en etiese kwessies. Hierdie verkennende navorsing kan vrugbaar wees vir verdere navorsing oor die problematiek van die waarde-oriëntering van studente en die daarstelling van karakteropvoedingsprogramme vir VOO-kolleges.

### Geraadpleegde bronne

- ABDOOL, A.D. 2005. Die waarde-oriëntering van leerders in sekondêre skole. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Ph.D.-proefskrif.)
- ALGERA, H.F. & SINK, C.A. 2002. Another look at character education in Christian schools. *Journal of research on Christian education*, 11(2):161-181.
- CARL, A.E. & DE KLERK, J. 2001. Waarde-opvoeding in 'n jong demokrasie en Kurrikulum 2005: panasee of mynveld. *Tydskrif vir geesteswetenskappe*, 41(1):21-32.
- CARR, D. 2000. Moral formation, cultural attachment or social control: what's the point of values education? *Educational theory*, 50(1):1-10.

- CHALLENS, B.H. 2008. Riglyne vir die implementering van 'n karakteropvoedingsprogram in sekondêre skole. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Ph.D.-proefskrif.)
- CHARACTER EDUCATION PARTNERSHIP. 2004a. Defining and understanding character education. <http://www.character.org/definingandunderstandingce/> Date of access: 17 Jun. 2011.
- CHARACTER EDUCATION PARTNERSHIP. 2004b. Teaching kids to care: growing responsible, respectful children. <http://www.urbanext.uiuc.edu/SchoolsOnline/charactered.html> Date of access: 26 May 2010.
- CHARACTER EDUCATION PARTNERSHIP. 2005. Classroom and playground management. <http://www.joyinlearning.com/> Date of access: 4 Nov. 2010.
- DAMES, G.E. 2009. The ethical leadership project: it's role as a key contributor for a morally transformed society. *The ethical leadership project*, 50(1 & 2):36-49.
- DE KLERK, J. 2005. Karakteropvoeding in Suid-Afrikaanse skole. *Koers*, 70(2):169-188.
- DE KLERK, J. & RENS, J. 2003. The role of values in school discipline. *Koers*, 68(4):353-371.
- DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at grass roots: for the social sciences and human services professions. Pretoria: Van Schaik.
- DE WAAL, E., MAWDSLEY, R.D. & CUMMING, J.J. 2010. Furthering national values through religion in public school education: comparing the United States, Australia and South Africa. *Journal for juridical science*, 46-70.
- DHAI, A. 2008. Through the looking glass. *South African journal of bioethics and law*, 1(1):34-35.
- DvO  
kyk SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys
- ENGELBRECHT, T. 2001. Van ashoop na hoop: is waarde-onderrig die antwoord op Suid-Afrika se morele verval? *De Kat*, 16(7):32-34.
- FERREIRA, A. & WILKINSON, A. 2009. Persoonlike waardes en die effektiewe gebruik van beloning tydens gedragsbestuur: 'n interpretiewe perspektief. *Tydskrif vir Christelike wetenskap*, 107-126.
- FREEKS, F.E. 2007. 'n Karakterbouprogram vir verdere onderwys en opleidingskolleges. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Ph.D.-proefskrif.)
- GARDNER, R., CAIRNS, J. & LAWTON, D. 2000. Education for values. London: Kogan Page.
- GHOLAR, C. 2004. Character education: creating a framework for excellence. <http://www.urbanext.uiuc.edu/programs/character.html> Date of access: 26 May 2010.
- HANSEN, D.T., BURDICK-SHEPHERD, S., CAMMARANO, C. & OBELLEIRO, G. 2009. Education, values, and valuing in cosmopolitan perspective. *Curriculum inquiry*, 39(5):587-612.
- HEENAN, J. 2003. Building character through cornerstone values: how schools can teach attitudes and values. Invercargill: New Zealand Foundation for Character Education.
- HEENAN, J. 2004. Cornerstone values: a New Zealand values education initiative. Alexandra: Cornerstone Values Organisation. <http://cornerstonevalues.org/education.html> Date of access: 31 May 2010.
- HOMAN, W. 2002. Toward a safe and caring curriculum: a new look at character education. Edmonton: University of Alberta. (M.Ed. thesis.)

- JANSEN, H. 2001. Suid-Afrika steeds die “misdaadkampioen”. *Beeld*: 4, 2 Jun.
- KILLINGRAY, M. 2007. Keuses: reg en verkeerd – vandag. Wellington: Lux VerbiBM.
- LABUSCHAGNE, F.J. & EKSTEEN, L.C. 1993. Verklarende Afrikaanse Woordboek. 8e uitg. Pretoria: Van Schaik.
- LEWIS, M.M. & HARDIN, S.I. 2002. Relations among and between career values and Christian religious values. *Counselling and values*, 46:96-107, Jan.
- LICKONA, T. 1996. Eleven principles of effective character education. *Journal of moral education*, 25(1):95-100.
- LICKONA, T. & DAVIDSON, M. 2005. A report to the nation: smart and high schools – integrating excellence and ethics for success in school, work and beyond. Cortland: Smart & High Schools.
- LICKONA, T., SCHAPS, E. & LEWIS, C. 2003. Character education partnership’s eleven principles. <http://www.character.org/principles/index.cgi?file=Prin1.htm> Date of access: 17 Jun. 2010.
- LIVING VALUES. 2005. An educational program, 1995-2005. <http://www.livingvalues.net> Date of access: 30 Jun. 2010.
- LOVAT, T.J. 2010. The national framework for values education: implications for teacher research. [http://www.wef.org.au/files/publication\\_terencelovat\\_nationalframeworkvalueseducation.pdf](http://www.wef.org.au/files/publication_terencelovat_nationalframeworkvalueseducation.pdf) Date of access: 7 Apr. 2011.
- LOVAT, T.J. & CLEMENT, N.D. 2008a. Quality teaching and values education: coalescing for effective learning. *Journal of moral education*, 37(1):1-16.
- LOVAT, T.J. & CLEMENT, N.D. 2008b. The pedagogical imperative of values education. *Journal of belief and values*, 29(3):273-285.
- MANGCU, X. 1999. Will he who strikes the presidential pose add body to democracy’s slight frame? *Sunday Independent*: 27, 9 Jun.
- MESTRY, R.J.A. 2008. School searches and drug testing: are they an infringement of learners’ rights and constitutional values? *South African journal on human rights*, 24(1):144-156.
- OOSTERWYK, G.W. & PARKER, M.B. 2010. Investigating bullying via the mobile web in Cape Town schools. (In Koch, A. & Van Brakel, P.A., eds. Proceedings of the 12th annual Conference on World Wide Web Applications, 21-23 September, Durban, South Africa. p. 4-18.)
- PRETORIUS, M. 2006. Waar is al die ouers heen? *Perspektief*, 1-6.
- PRINSLOO, I.J. 2005. How safe are South African schools? *South African journal of education*, 25(1):5-10.
- RAUBENHEIMER, C. 2006. Meer as 40% van kinders word geboelie – dit kan tot misdade lei. *Beeld*: 6, 19 Mei.
- REGAN, K. & PAGE, P. 2008. Character building: using literature to connect with youth. *Reclaiming children and youth*, 16(4):37-43.
- RENS, J.A., VAN DER WALT, J.L. & VREKEN, N.J. 2005. Waardes in die opvoeding en onderwys: ’n Babelse verwarring. *Koers*, 70(2):189-205.
- SCHAPS, E. 2005. Community in school: a key to violence prevention, character formation, and more. [http://www.devstu.org/about/articles/community\\_in\\_school.html](http://www.devstu.org/about/articles/community_in_school.html) Date of access: 26 Oct. 2010.
- SCHOEMAN, P.G. 2009. In search of a new morality for South African education. Part 5: Holding an office and the prerogative to introduce and advocate values to the normatively immature. *Tydskrif vir Christelike wetenskap*, 57-76.

- SOLOMONS, I. & FATAAR, A. 2011. A conceptual exploration of values education in the context of schooling in South Africa. *South African journal of education*, 31:224-232.
- STARR, L. 1999. One character education program that works. [http://www.Educationworld.org.za/com/a\\_curr/curr114.shtml](http://www.Educationworld.org.za/com/a_curr/curr114.shtml) Date of access: 26 May 2010.
- STRAUSS, D.F.M. 2002. The opposition of facts and values. *Tydskrif vir Christelike wetenskap*, 38(1/2):1-7.
- SUID-AFRIKA. Departement van Onderwys. 2001. Manifesto on values, education and democracy 2001. Cape Town: Cape Argus Teach Fund for the Department of Education.
- SWANEPOEL, J. 2010. Nog 'n gedeelde waardestelsel? *Woord en Daad*, 413:1-2, Lente.
- THORNBERG, R. 2008. Values education as the daily fostering of school rules. *Research in education*, 80:52-62.
- VAN DER WALT, B.J. 1999. Visie op die werklikheid: die bevrydende krag van 'n Christelike lewensbeskouing en filosofie. Potchefstroom: PU vir CHO.
- VAN DER WALT, B.J. 2010. At home in God's world: a transforming paradigm for being human and for social involvement. Potchefstroom: Institute for Contemporary Christianity in Africa.
- VAN DER WALT, H. 2010. Ubuntu-waardes: samelewings- en pedagogiese verwagtinge. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50(2):229-242, Jun.
- VREKEN, N.J. & RENS, J.A. 2001. Ondersoek na die waarde-oriëntering van studente aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Potchefstroom: PU vir CHO.

**Kernbegrippe:**

karakteropvoeding  
karakteropvoedingsprogram  
Verdere Onderwys en Opleidingskollege (VVO)  
waardes

**Key concepts:**

character education  
character education programme  
Further Education and Training College (FET)  
values